

# Die volmaakte biblioteek

JEANETTE VOSLOO
**Assistentdirekteur: Boland en Metropool**

Vir die afgelope tien jaar was ek jaarliks by gemiddeld drie nuwe biblioteekprojekte betrokke. Dit maak my beslis nie 'n kenner nie, maar ek kan wel 'n paar wenke gee en slaggate aandui om te vermy.

## Die argitek

Die keuse van 'n geskikte argitek is seker die belangrikste aspek in die bou van 'n funksionele biblioteek. Die argitek moet die geleentheid kry om sy skeppingsdrange uit te leef, maar moet ook bereid wees om die bibliotekaris te betrek by die uitleg van die biblioteek. Die werksvloei en groottes van sekere ruimtes soos veral die werkkamer is van kritiese belang vir 'n werkbare biblioteek.

Sommige argitekte begaan die fout dat indien hulle een maal 'n biblioteek gebou het, hulle geneig is om die plan net so te herhaal ongeag die verskille in gemeenskapsprofiele. So het 'n baie kunssinnige argitek 'n uitsonderlike biblioteek gebou waaroor almal gaande was. Hierna was hy natuurlik in aanvraag. Sy volgende projek was 'n baie klein bibliotekie en het hy een van die vorige biblioteek se fokuspunte net so by hierdie projek geïnkorporeer. Dit was 'n groot draairakstaander en nodeloos om te sê, het dit die hele biblioteek vol gestaan en afbreuk gedoen aan die ander fokuspunte. Hierna was hy betrokke by 'n mediumgrootte biblioteek waarvan die gemeenskapsprofiel baie verskillend was as die van die vorige projek. Tog is dieselfde grootte vir die werkkamer behou, was die kinderkant vanuit die staanspoor nie voldoende nie en is 'n klein dammetjie naby die kinderkant as fokuspunt gebruik. Die uiteinde was rampspoedig.

By die keuse van 'n argitek is dit noodsaaklik dat 'n mens nie net na die argitek se ontwerpe kyk nie, maar definitief met vorige kliënte skakel om te verneem na die argitek se vermoë om sy kliënt se behoeftes in ag te neem, asook sy interpersoonlike vaardighede. Onthou ook dat die argitek betrokke is by skakeling met die bouer. Swak kommunikasie kan lei tot vertragings in die projek en onnodige kostes.

> *Die argitek moet die geleentheid kry om sy skeppingsdrange uit te leef, maar moet ook bereid wees om die bibliotekaris te betrek by die uitleg van die biblioteek*

## Die toonbank

Die toonbank moet die regte hoogte wees. So baie bibliotekarisse versoek dat die kinderkant se toonbank laer moet wees as die volwasse kant s'n. 'nTe lae toonbank kan lei tot rugpyn vir personeel wat die heeldag diens doen. Die kind is net daar vir 'n baie kort rukkie. Die oplossing is om die werksoppervlakte die regte hoogte vir die personeel te behou en net 'n klein deel van die toonbank vir die kleuters te laat sak sodat hulle ook kan sien wat gebeur.

Moenie die toonbank te breed maak sodat personeel oor die toonbank moet strek om die boeke aan te gee nie.

'nToonbank wat te lank is, kan tot uiterste frustrasie lei. Sorg vir genoeg openinge sodat personeel maklik kan uitkom om saam met die publiek na die rakke te stap om inligting te verskaf.

Die toonbank moet so geplaas word dat dit uitsig het oor die hele of grootste gedeelte van die biblioteek. Dit moet verkieslik ook nie direk oor die ingang geplaas word sodat direkte wind op die personeel waai nie. Die korrekte oppervlak vir die toonbank is baie belangrik aangesien die boeke wat daagliks oor die toonbank geskuif word, dit baie vinnig verweer kan laat lyk.

## Glaspanele in die dak

Pas maar op hiervoor. Argitekte is geneig om dit as 'n fokuspunt bokant die toonbank of naby die toonbank aan te bring. Sonder lugreëling is dit 'n sauna. Die lig wat deurgelaat word, kan ook te skerp wees vir die personeel se oë.

## Werkkamer

Die film kan verkeerd aangebring word op die venster van die werkkamer met eenrigtingglas en dien dan geen doel nie. Dring aan daarop dat dit herstel word. Die deur na die werkkamer moet so beplan word dat die publiek nie direkte uitsig daarop het vanaf die toonbank nie. Die werkkamer is dikwels nie so netjies as wat dit behoort te wees nie en dit kan 'n swak indruk skep. Te min ruimte hier lei tot 'n onnet biblioteek.

## Kragproppe

Behoort aan die buitekant van die rak te wees en nie binne die rakke versteek te wees nie.

## Rakke

Rakke is die hartklop van die biblioteek. Dit moet vir jare hou en swak rakke doen afbreuk aan 'n mooi biblioteek. Rakke moet nooit langer as 900 mm wees nie, anders trek hulle skeef. Hulle moet goed afgewerk wees. Te min vernis gaan die rakke gou laat verweer. Swak afgewerkte rakke se splinters kan in die personeel se hande steek. Vir verstelbare rakke is dit beter om van metaalstroke gebruik te maak. Die ander produkte is baie moeilik om self te hanteer

wanneer personeel hulle rakke wil verstel. As streekbibliotekaris was ek al persoonlik by 'n biblioteek se trek betrokke waar plastiekskroefies gebruik is vir die verstelbare rakke. Nadat ons vyftig persent van die boeke op die rakke geplaas het, het die rakke begin meegee. Wat 'n fiasko! Oor plastiekprodukte is ek nie te entoesiasties nie, al word ek vandag verseker dat die produk nou na vyftien jaar sterker is. Dit is werklik die moeite werd om die beste persoon vir die taak te kry wat u kan bekostig, aangesien die rakke naas die gebou seker die belangrikste item in die biblioteek is.

## Ameublement

Stoele en tafels moet stewig wees. Stoffering moet nie te lig van kleur wees nie, aangesien dit te vinnig vuil word.

## Verf

Moenie 'n te ligte kleur verf gebruik nie, veral nie waar baie verkeer is nie en sorg dat die verf van 'n goeie gehalte en WASBAAR is. Vrolik die biblioteek op met kleur.



△ *Reën op Albow Gardens Biblioteek se sinkdak maak 'n oorverdowende geraas*

▽ *Delft Biblioteek het 'n oopplanontwerp, maar blinde kolle maak toesighouding moeilik*




# 'n Terugblik

Daar is met 'n paar biblioteke geskakel wat onlangs opgerig is om te verneem wat hulle sou verander indien hulle kon.

### *Wellington Lesers Biblioteek*

Die toonbank het nie 'n uitsig op die ingang nie en die personeel voel dat dit 'n leemte is wat dalk 'n bedreiging vir hul veiligheid mag inhou. Die voordeur moet liewer nie van glas wees nie aangesien dit te maklik beskadig. Ligskakelaars vir die biblioteek moet binne die biblioteek wees en nie in die ingangsportaal waar die kinders daarmee kan speel nie. Die kantoor van die bibliotekaris moet toeganklik wees vanuit die biblioteek en die publiek moet nie deur die werkkamer beweeg om toegang te verkry nie. Toesig vanaf die toonbank na die kleuterafdeling is nie voldoende nie.

### *Albow Gardens Biblioteek (Brooklyn)*

Die biblioteekpersoneel voel dat 'n sinkdak ten alle koste vermy moet word, aangesien die reën oorverdowend op die dak val. Hierdie biblioteek het ook nie lugreëling nie en hulle voel dat dit by 'n biblioteek van dié grootte definitief nodig is. Die stoorkamer is te klein en die rakke aan die volwasse kant is onvoldoende.

### *Delft Biblioteek*

*Werk- en stoorruimtes*

Daar is nie voorsiening gemaak vir 'n kantoor of afgebakende werkarea vir die tweede-in-bevel nie. Daar is te min rakke in die werkkamer en geen ruimte vir terugsendings nie. Die werkkamer behoort werkareas te hê vir die maak van uitstallings, skoonmaak van video's, asook die herstel van boeke. Daar is tans geen spasie vir die inrigting van werkareas vir die personeel nie. Die biblioteek het 'n groot personeel en hulle benodig hul persoonlike 'ruimte'.

Daar is ook geen stoorkamer vir die stoor van skryfbehoeftes nie en die huidige vertrek word tans gebruik vir die stoor van skoonmaakmiddels.

*Die biblioteek self*

Daar is geen afgesluite studiearea soos by Delft-Suid nie. Die biblioteek het 'n oopplanontwerp, maar daar is wel blinde kolle wat toesighouding bemoeilik en daar is ook rakke met uitstalborde wat in wegsteekhoekies geleë is, met die gevolg dat vandalisme van plakkate plaasvind. Die biblioteek kan die tipe konneksie vir die stofsuiers gebruik soos by Delft-Suid ingebou is.

Die fotostatiese masjien is reg teenoor die ingang en toonbank en dit skep probleme met die vloei van verkeer.

Daar is geen afgebakende toilette en kombuisarea vir die personeel nie. Die bestaande toilette is meer geskik vir diegene wat die saal gebruik.

Biblioteke behoort nie sonder lugreëling gebou te word nie. Nou moet die biblioteek geld op hulle kapitaalbegroting gebruik om dit te installeer waar die uitgawes by die bou van die biblioteek gevoeg kon word.

Die biblioteek het geopen voor hulle gerekenariseerd is, met die gevolg dat die toonbank heeltemal verander moes word.

➪

## *Delft-Suid Biblioteek*

Daar is te veel rakke in die kinderafdeling. Drie jaar na die opening is baie rakke nog steeds leeg. Die mezzanine was beplan as 'n rekenaararea vir die publiek. Dit word egter nie ten volle benut nie. Die biblioteek is oorgesien vir die Smart Cape projek. Die area word tans gebruik vir geletterdheidsklasse. Indien die biblioteek meer personeel gehad het, kon dit ook vir naslaandoeleindes aangewend word, aangesien die sitareas in die naslaanafeling te min is.

Die kantoor en werkareas onder die mezzanine vlak het lugreëling, maar die bibliotekaris voel dat dit baie bedompig is met geen vars lug wat inkom nie.

### *Naslaan*

Die naslaanarea behoort soos die van Bellville Biblioteek ook 'n afgeskorte area te wees, veral in die gemeenskap waar die studente kla oor die geraas. Studente wil graag ook besprekings onder mekaar hou.

### *Werkareas*

'n Breër werktafel in die werkkamer vir die herstel van boeke behoort in gedagte te gehou te word. Die personeeltoilet en kombuis is langs mekaar. Daar is geen aparte personeelkamer nie.

### *Algemeen*

Dit is 'n minder gegoede area en daar is geen geld vir fotostate nie. Vandalisme vind plaas in die blinde areas. Die leesarea en toonbank is te na aan mekaar vir 'n gebied waar baie mense werkloos is. Gevolglik is daar 'n samedromming om die koerante vir advertensies te raadpleeg en te lees.

Daar is nie voorsiening gemaak vir veilige parkeerplek vir die personeel nie.

Die hoë dak sonder plafon veroorsaak baie sand, veral in dié betrokke gebied (Kaapse Vlakte). Die betaalkantoor as deel van die kantoor is 'n goeie idee, maar dit veroorsaak groot probleme vir die biblioteekgebruikers aangesien die deur in die foyer is.

## *Opsommend*

Uit die vorige kan afgelei word dat daar liewer op die luuksheid van die ontwerp afgeskaal moet word, lugreëling 'n absolute noodsaaklikheid is wat tog so maklik oorgesien word, die volle benutting van vloerruimtes afhanklik is van die gemeenskapsprofiel, voldoende fasiliteite nodig is vir die personeel in die uitvoering van hul taak en dat daar voorsiening gemaak word vir die veiligheid van die personeel. Goeie kommunikasie en insette van biblioteekpersoneel en 'n klein bietjie navorsing sal lei tot meer effektiewe en doelmatige biblioteke.




△ *Delft-Suid Biblioteek het te veel rakke in die kinderafdeling, gevolglik staan baie rakke leeg. Let ook op die hoë dak sonder plafon wat baie sand inlaat*

## Moses Mabhida Biblioteek (Khayelitsha)

### *Toonbank*

Dit is te laag - selfs laer as die gerekenariseerde toonbanke.

### *Ruimtes*

Die saal is te klein as die biblioteek aktiwiteite aanbied vir die kinders - veral as mens die omgewing in gedagte hou (informele behuising). Probleme met die onvoldoende studiearea hou ook hiermee verband (omgewing) aangesien die biblioteek oorvol is met eksamens en die baie take wat die kinders kry. 'n Aparte kinderafdeling sou wenslik wees, veral in die betrokke gemeenskap waar die studente kla oor die geraas in die middag en eksamentye.

Hier kom dieselfde probleem voor dat die kombuis en toilet langs mekaar is.

Voorts is daar geen afvoerpype van die geute nie en loop water tot op die plaveisel wat dan in groen mos verander en veroorsaak dat kinders hierop gly.

▽ *Moses Mabhida Biblioteek se toonbank is te laag*

